
Instagram YouTube Twitter Facebook www.afriforum.co.za

AfriForum

# FORUM

www.forumtydskrif.co.za | Julie 2020

AfriForum Tydskrif




## #AfriForumStaanSaam

ISSN 2313-1144
9 772313 114002
R15,95 (BTW ING.)
Gratis aan lede

21

# #AfriForumStaanSaam, want saam is ons sterker!

Kallie Kriel – uitvoerende hoof van AfriForum

AfriForum se gemeenskapstrukture landwyd het sedert die begin van die COVID-19-krisis die negatiewe gevolge daarvan op ons gemeenskappe met groot ywer, deursettingsvermoë en 'n roepingsbesef trompop gepak. Waar die regering se optrede in baie gevalle onbeholpe en selfs moedswillig magsbehep was, is dit rede tot dankbaarheid dat die gemeenskappe waarbinne AfriForum se strukture funksioneer gewys het dat hulle ongeag die regering, selfstandig baie kan bereik deur as gemeenskap saam te staan en saam te werk om die uitdagings te oorkom.

Dit is daarom gepas dat AfriForum se slagspreuk tydens hierdie krisis, asook die tema van hierdie uitgawe van *Forum Tydskrif* soos volg lees: "#AfriForumStaanSaam, want saam is ons sterker."

Die teenpool van saamstaan is individuele afsondering. Die "huisarres" waaronder die regering ons met die COVID-19-inperking geplaas het, het juis gewys wat die negatiewe gevolge van afsondering is.

Isolasie plaas nie net druk op kwesbare mense in ons gemeenskappe nie, maar ook op almal van ons se emosionele welstand, gemeenskapsakeondernemings en gemeenskapsaktiwiteite soos dié by skole en kerke. Die negatiewe impak daarvan om afgesonder van ons gemeenskappe te wees, bevestig dat elkeen van ons nie net 'n rondswerwende, losstaande enkeling is nie. Ons geborgenheid en vermoë om sinvol en volhoubaar te bestaan, is ten diepste verbind aan ons gesinne, families, vriende en die gemeenskappe waarvan ons onlosmaaklik deel is.

> **Ek wil elke lid hiervoor bedank, want dit is lede wat AfriForum sterk maak.**

In die lig van die mens se behoefte aan geborgenheid en 'n gebondenheid aan gemeenskappe, is dit jammer dat die term "sosiale distansiëring" soms gebruik word, eerder as om te praat van die handhawing van 'n "fisieke afstand". Terwyl dit wys is om 'n fisieke afstand te behou, moet ons toesien dat ons sosiale nabyheid handhaaf aan die gemeenskappe waarvan ons deel is deur saam te staan en saam te werk. Benewens die voordele wat die nabyheid aan jou gemeenskap en saamstaan vir jou emosionele gesondheid inhou, is sterk en selfstandige gemeenskappe ook noodsaaklik om 'n vry,



Kallie Kriel

veilige en voorspoedige toekoms vir ons en ons kinders hier aan die suidpunt van Afrika te verseker.

Sterk selfstandige gemeenskappe is ons reddingsboeie en eilande in die onstuimige see van korrupte politici rondom ons, wat selfs tydens 'n krisis teen minderhede diskrimineer deur middel van hul COVID-19-hulpprogramme. Dit is bevrydend om te besef dat ons gemeenskappe 'n sterk buffer kan wees om ons te help beskerm teen 'n owerheid wat toenemend vyandig teenoor minderhede optree. Die wete dat ons as roepingsgedrewe mense met die hande aan die einde van ons eie arms en met die krag van ons plaaslike gemeenskappe sélf 'n beter toekoms kan verseker, bring hoop en nuwe energie. Dit verhoed dat jy in moedeloosheid verval as jy in die ongelukkige posisie is om na onbekwame en magsbehepte ministers te moet luister – wat boonop verregaande voorskrifte van die "bevelsraad" wat ons nou regeer aankondig.

Lees gerus elders in hierdie tydskrif in meer besonderhede hoe AfriForum se plaaslike strukture, as platform vir gemeenskapslede om saam te staan, in die maande sedert die inperking gewoeker het. Uit hierdie aksies is dit duidelik dat Afrikaners en minderhede oor die algemeen toenemend begin saamstaan en in belang van hul gemeenskappe optree. Duisende lede van AfriForum se takke en buurtwagte het byvoorbeeld sedert die begin van die inperking tonne kos en beskermende toerusting onder bejaardes en ander kwesbare persone in hul eie gemeenskappe help versprei; hulle het skole met veiligheidstoerusting ondersteun en talle ander vorme van hulp gebied.

Samewerking tussen organisasies soos AfriForum, Saai, Solidariteit Helpende Hand, die vakbond Solidariteit en talle ander instellings in ons gemeenskappe is nou groter as ooit tevore. Meer as 15 000 gemeenskapsakeondernemings het reeds gratis op die webtuiste **www.afriforumnetwerk.co.za** geregistreer sodat mense uit hul gemeenskappe dié ondernemings kan opspoor en met hul koopkrag kan ondersteun.

Die noodsaak vir saamstaan is ook duidelik in die feit dat AfriForum se ledetal – die verswakkende ekonomie ten spyt – sedert die begin van die inperking met 13 000 van 237 000 tot meer as 250 000 toegeneem het. Dit maak dit vir AfriForum moontlik om in hierdie krisistyd deur ons sterk gemeenskapstrukture met nóg groter krag vir ons gemeenskappe te kan intree. Ek wil elke lid hiervoor bedank, want dit is lede wat AfriForum sterk maak.

Natuurlik is die opbouproses wat weens die COVID-19-krisis vir ons almal en ons gemeenskappe voorlê baie, baie groot. Ons sal egter soos ons voorgeslagte hierdie uitdaging oorkom deur harde werk, deursettingsvermoë, genade van Bo en die krag van ons gemeenskappe.

Ons elkeen het 'n kritieke rol te speel om ons gemeenskappe sterker te maak. Jy kan dit soos volg prakties doen:

- **Probeer om steeds jou skool- en kleuterskoolrekening te betaal. As ons skole beheerliggaamposte moet begin sny, gaan nie net die skool as uiters belangrike gemeenskapsinstelling nie, maar ook die gemeenskap se ekonomie verswak.**
- **Dra by tot en wees betrokke by jou kerk.**
- **Gebruik jou koopkrag om plaaslike ondernemings in jou gemeenskap te ondersteun. Besoek www.afriforumnetwerk.co.za.**
- **As jy 'n werkgewer is, neem mense vanuit jou gemeenskap in diens.**
- **Help die kwesbare mense in jou omgewing.**
- **Raak by jou plaaslike AfriForum-tak en -buurtwag betrokke, of by die gemeenskapsorganisasie van jou keuse.**
- **Koester jou gesin, familie en vriende.**
- **Help op enige ander wyse wat jy kan om 'n gesonde gemeenskapslewe te bevorder.**

Kom ons almal staan saam en doen ons deel in belang van ons gemeenskappe, want saam is ons sterker!

